Graad 7 | Herbert Hurd Primêre Skool | Junie 2017

Afrikaans Eerste Addisionele Taal | 45 Punte

**AFDELING A: BEGRIP**


# Waarskuwing: Huiswerk lei tot breinskade!


Dit is amptelik *(official)*! 'n Studie het bewys *(proved)* wat skoolkinders al baie jare dink: huiswerk lei tot breinskade *(brain damage)*. Professor Korteks het sy studie na agt jaar bekend gemaak *(announced)*. Professor Korteks sê vreeslik baie data is ingesamel *(collected)* nadat daar met ten minste 800 kinders onderhoude *(interviews)* gevoer is en hulle getoets is. Die meeste mense wat aan die studie deelgeneem het, was skoolkinders tussen die ouderdomme van 10 – 13 jaar.

Professor Korteks het ook gepraat oor sy Dopamien 2000-masjien. Dit gebruik die nuutste tegnologie om breingolwe *(brain waves)* te meet. Die doel van die masjien is om die navorsers *(researchers)* te laat sien wanneer mense stres ervaar *(experience)*.

Die navorsers *(researchers)* het gesien dat die kinders in die studie se breine oorlaai *(overloaded)* was toe hulle te veel huiswerk gekry het. Leerders het tydens hierdie toetse gekla van kopseer, naarheid en maagpyn toe hulle die huiswerk moes doen. Na een uur het die meeste deelnemers *(participants)* deurmekaar gelyk en aanhoudend gehuil. Na die huiswerk het baie gesê dat hulle twee weke nodig het om te herstel *(recover)*. Wat beteken hierdie navorsing *(research)* vir die toekoms van huiswerk? Is huiswerk eintlik net 'n mors van tyd? Is huiswerk net 'n manier vir onvriendelike onderwysers om kinders straf? Help dit regtig die kind se akademiese resultate?

Wat ook al jou mening *(opinion)* is, een ding is **duidelik**: ouers, pas julle skoolkinders op... voor hulle koppe bars *(burst)*!





**Vraag 1: Koerantberig**

**Beantwoord die volgende vrae in volsinne:**

1.1 Watter ouderdomsgroep was die teiken van die studie? (1)

1.2 Wat is die funksie van die Dopamien 2000- masjien? (1)

1.3 Kies die korrekte antwoord. Motiveer deur uit die teks aan te haal.

(Byvoorbeeld: **1.3 D, ek haal aan: "..."**) (2)

Die artikel is geskryf vir:

A skoolkinders
B ander navorsers
C ouers van skoolkinders

1.4 Kies net die korrekte antwoord. Die doel van die berig is om: (1)

A mense in te lig oor die gevare van huiswerk
B onderwysers te kry om minder huiswerk te gee
C lesers te vertel wat die Dopamien 2000-masjien kan doen

1.5 Waar of onwaar: **Die kinders in die studie het die huiswerk as sleg ervaar** (experience). Motiveer jou antwoord. (2)

1.6 Dink jy hierdie berig moet as ernstige nuus of as humor gelees word? Motiveer jou antwoord. (2)

1.7 Hoekom dink jy het die studie so lank gevat om te voltooi? (1)

**(Subtotaal: 10)**

**Vraag 2: Advertensie**

# BLITSSTRALE IS WITWARM!




*Geinspireer deur wêreldrekord houer Usain Bolt*

Blitsstrale is die beste straattekkies wat daar is. Hoekom? Is dit omdat hulle perfek pas en stylvol is? Is dit omdat hulle geweldig gemaklik is? Is dit omdat Blitsstrale hou en hou … en hou? Is dit omdat hulle bestand is teen vlekke en altyd blink bly?

Dis al hierdie dinge en nog baie meer. Blitsstrale is perfek vir dié wat 'n aktiewe leefstyl het. Wanneer jy eers Blitsstrale gedra het, sal jy nooit daarsonder wil wees nie. Maak dus die slim keuse.

Beskikbaar in alle goeie sportwinkels. Kry hulle nou voor hulle soos blits verdwyn.

Beïndruk jou vriende. Bly voor die res.

*Gratis glimveters met elke paar*

*Besoek ons by www.blitsstrale.co.za vir meer inligting oor ons produk.*

**Beantwoord die volgende vrae in volsinne:**

2.1 Wat is die handelsnaam van die tekkies? (1)

2.2 Kies die korrekte antwoord. Op watter soort lewensstyl is die advertensie gemik?

A Elke dag se vrye tyd (1)
B Modieus
C Sportief

2.3 Watter kenmerke het hierdie tekkies? Noem enige drie. (3)

2.4 Hoekom gee die advertensie gratis (free) glimveters met elke paar? (1)

2.5 Hoekom is "Geïnspireer deur Usain Bolt" in 'n ster geskryf? (2)

2.6 Maak die advertensie dat jy die tekkies wil koop?

Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**(Subtotaal: 10)**

**AFDELING B: TAAL**

**Vraag 3: Direkte- en Indirekte Rede**

Skryf die volgende sinne oor in die indirekte rede:

3.1 Monica vra: "Wie het my toebroodjie hier neergesit?" (2)

3.2 Stefanie het gevra: "Is ek vandag die mooiste meisie hier?" (3)

3.3 Michael sê: "Ek dink hierdie tekkies is baie stylvol." (2)

3.2 Stefan het gesê: "Ek sal môre my nuwe tekkies aantrek." (3)

**Vraag 4: Infinitief**

Voltooi die volgende sin met jou eie infinitief.

4.1 Die oulike seuntjie loop saam met sy ouer broer ... (1)

**Vraag 5: Samestellings**

5.1 Bou enige samestelling met die stam "dier" (dit mag die eerste of tweede stamwoord wees). (1)